NED. GEREF. GEMEENTE REEBOK
SONDAG, 4 FEBRUARIE 2018

ONS TEMA VIR 2018: *ELKE LIDMAAT DEEL VAN DIE LEWENDE LIGGAAM VAN CHRISTUS!*

HIERDIE IS ONS GEBEDSGIDS VIR DIE WEEK

Baie welkom aan die volgende jongmense wat tydens die erediens belydenis van hul geloof gaan aflê: Johann de Waal, Zinanda Geyer, Riaan Janse van Rensburg, Megan Maartens, Simon Schumann en Danay van Langelaar.
"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word" (Romeine 10:9)

VANDAG SE PROGRAM

09:30 **Erediens:** **Ds Chris de Wet**
Skriflesing: **Jesaja 40:12-31; Markus 1:29-39**

Sinodale Deuroffer: Gemeentehulpfonds

- Die **Samuel-gebedsgroep** bid in die moederskamer elke Sondag vanaf 08:50 vir die erediens.
- **Kinderkerk** vir al die kindertjies tot en met die ouderdom van agt jaar in die kinderkerklokaal.
- **Kategese** na afloop van die diens vir voorskoolse kinders tot Gr 6.
- **Nuwe intrekkers** word versoek om hul besonderhede in die **"Nuwe Intrekkersboek"** op die tafel in die voorportaal neer te skryf.
- *Die ouers, grootouers, familie en vriende van die jongmense wat belydenis van geloof afgelê het, word hartlik uitgenooi om verversings voor die klein-kombuis te geniet.*
- *Almal is hartlik welkom om net na die erediens, in die vierkant saam 'n heerlike koppie tee te kom drink.*

17:00 **Kategese** vir die jongmense van Gr 7 tot 11 in die kerk.
Wyksbyeenkomste *in die onderskeie wyke soos deur die ouderlinge gereël*

'n Gesamentlike wyksbyeenkoms en wyksbesoekaand word vir wyke K1 en K2 gereël in die Strooidakkerk op 18 Februarie om 18:00

PROGRAM VIR DIE WEEK

Bybelstudiegroepe begin hierdie week byeenkom op gereelde tye.
Maandag, 5 Februarie 2018
10:00 Huiskringleiers vergader by die Pienk Huis, Groot-Brakrivier.
18:00 Bybelskool begin. Ons lees die boek **Eksodus.**

Dinsdag, 6 Februarie 2018
18:00 Gesamentlike Huiskringbyeenkoms in die saal.

Woensdag, 7 Februarie 2018
10:30 – 11:30 Bloeddrukkliniek in die Moederskamer. Hierdie is 'n gratis diens wat aan ons lidmate gebied word. *Kom maak seker u bloeddruk is reg vir 2018!*
17:30 Wyksbesoek in T3 aan huis van André en Jeanetta Barnard, Swartlaan 2.
18:00 Gebedsgeleentheid in die konsistorie. Ons bid in besonder:

- ❖ vir die lydenstyd wat Woensdag, 14 Februarie begin,
- ❖ vir die voorbereidings vir ons kersmis/basaar,
- ❖ vir die waterkrisis in die Wes-Kaap.

PROGRAM VIR DIE WEEK VERVOLG……

Donderdag, 8 Februarie 2018
16:30 Kooroefening in die kerk.
18:30 Gemeentebestuursvergadering in die konsistorie.

Vrydag, 9 Februarie 2018
18:00 Bring-en-braai-kuieraand by die kerk vir al die lidmate van die Tergniet-wyke. Die vure sal gereed wees! Bring jou vleis en drinkgoed, asook eetgerei.

VOLGENDE SONDAG, 11 FEBRUARIE 2018
Biddag vir Opvoeding en Onderwys

09:30 Nagmaalsviering: Ds Chris de Wet
Geen Kinderkerk en kategese
Spesiale Deuroffer gaan vir die plaaslike Diens van Barmhartigheid.
18:00 Aandbyeenkoms saam met dr. André Botha, wat die eerste van verskeie spesiale toerustingsgeleenthede vanjaar kom aanbied. Hy kom beantwoord die vraag: **"Hoe leef ek met 'n sieke saam?"**

OMGEE VIR MEKAAR.....

- **Yvonne van der Vyver**, van Fraai-Uitsig (F5), sterk in Stellenbosch aan na 'n knie-vervangingsoperasie.
- **Lydia Gillmer,** van Fraai-Uitsig (F11), sterk tuis aan na 'n skoueroperasie.
- **Eddie Schmidt,** van Klein-Brakrivier (K1), is in die Life Bayview Hospitaal**.**
- **Annelia Grové,** van Fraai-Uitsig (F1), sterk by die huis aan tydens behandeling.
- **Hendrik Sloet,** van Klein-Brakrivier (K2) gaan môre vir 'n knievervangingsoperasies**.**
- **Arend Bekker**, van Reebok (R5), is in die hospitaal opgeneem.
- **Elsa Coetzee**, van Reebok (R15), sterk tuis aan na 'n operasie.
- **Martie Lategan**, van Reebok (R15), ondergaan in die komende week 'n ernstige operasie.
- **Barry Joubert,** van Fraai-Uitsig (F1), sterk by die huis aan na hospitalisasie
- **Annatjie Strydom,** van Fraai-Uitsig (F4), gaan die komende week Stellenbosch toe vir 'n rugoperasie.
- **Ansie Latsky**, van Tergniet (T5) se suster in die Kaap is ernstig siek.
- **Chris Groenewald**, van Reebok (R17), se vader is ernstig siek.
- **Tina Möller**, van Reebok (R17), se broer is in Durban ernstig siek.

VERJAARSDAGWENSE...

Baie geluk aan almal wat vandag en in die komende week verjaar!
Spesiale gelukwense aan:

- *Baie geluk aan **dr Kobus van Zyl** wat op 8 Februarie sy verjaardag vier**.***
- ***Gerhard van Coppenhagen**, van Reebok (R6) wat op 8 Februarie sy **82ste** verjaardag vier, en*
- ***Ollie Park**, van Fraai-Uitsig (F6), wat op 10 Februarie haar **91ste** verjaardag vier.*

DAG VAN VEROOTMOEDIGING EN GEBED: WOENSDAG, 14 FEBRUARIE 2018

Die Moderatuur van die Sinode van Wes-Kaapland het saam met talle ander kerke 'n beroep op alle landsburgers gedoen om **Woensdag, 14 Februarie 2018 as 'n dag van verootmoediging en gebed in te rig** in die lig van die voortslepende droogte in die Wes-Kaap en ander dele van die land. 14 Februarie val vanjaar saam met As-Woensdag en is ook die begin van Lydenstyd in die kerk. Die moderatuur spreek sy hoop uit dat daar in elke gemeenskap 'n spesiale gebedsgeleentheid gehou sal word en dat die hele lydenstyd vir die kerk van Christus 'n tyd van gebed en verootmoediging sal wees. Daar sal DV volgende Sondag, 11 Februarie 2018 tydens die nagmaal 'n aankondiging gemaak word in verband met plaaslike reëlings hiervoor.

ALGEMENE INLIGTING

GROEI-IN-GENADE BYBELSKOOL

Die **Groei-in-genade Bybelskool** begin weer DV Maandag, 5 Februarie 2018 om 18:00 in die kerk. Ons vertrek op 'n ontdekkingsreis deur die boek **Eksodus.** Ons gaan poog om tydens die 8 ontmoetings van die eerste kwartaal die 40 hoofstukke van Eksodus deur te lees. Eksodus is 'n wonderlike boek wat vir ons die heerlikste perspektiewe op die **lewende God** gee, wat die gekerm van mense in nood hoor, wat aan sy verbond dink en sy mense se nood ter harte neem (2:23-25). God verstaan! Eksodus open **vergesigte van bevryding** uit alles wat ons verslaaf, want God het afgekom om die Israeliete uit die mag van Egipte te bevry en hulle daarvandaan te laat trek na 'n goeie en uitgestrekte land, 'n land wat oorloop van melk en heunng (3:8)...*Kom, bring jou Bybel en vertrek saam op 'n onvergeetlike geloofsreis! Almal is hartlik welkom!*!

BESTEL DROë VRUGTE

Die volgende droë vrugte kan by **Charl en Janet Coetzer** bestel word. Hulle kontaknommers is 044 696 5927 / 082 687 4048 / 082 377 8360.

Appelkose	R70 per kg
Nektarierns	R60 per kg
Pere	R50 per kg
Perskes	R65 per kg (ongeskiklde perskes)
Perskes	R83 per kg (geskilde perskes)
Pruimedante	R58 per kg
Tamaties	R85 per kg

REEBOK GEMEENTE GHOLFDAG: 23 MAART 2018

As deel van die jaarlilkse kermis op 21 Maart 2018 bied ons 'n gholfdag op 23 Maart 2018 om 13:00 te Kingswood Gholf Landgoed aan. Die formaat is Betterball en inskrywingsfooi beloop R2500 per vierbal (dit sluit 'n gholfkarretjie in). Spelers kan ook as individue inskryf teen R650. Baie pryse is op die spel. Elke speler sal n prys ontvang. Inskrywings sluit 1 Maart 2018.

Indien jy belangstel kontak:Frederick Wagenaar 083 264 0283
Kobus Mouton 072 193 8162
Kruger de Wet 082 465 8171.

Direkte inbetalings kan in Reebokgemeente se bankrekening gedoen word:
ABSA: 404 908 7902 Takkode 632005 : As Verwysing : Gholfdag.

U kan ook 'n bof borg met u advertensiemateriaal of bydraes vir pryse is baie welkom!!

HARTENBOS GEMEENTE

Schubertiade – So 11 Feb om 15:00 in die NG Kerk Hartenbos kerkskip. 'n Pragtige program van *Schubert Lieder* word aangebied deur Elisabeth Potgieter (mezzo-sopraan), Heinrich Jonck (tenoor), begelei deur Dalene Brits (klavier) en Elize Munro (klarinet). Gratis!!! 'n Deuroffer sal wel opgeneem word. Navrae: ds Johan by 082 372 6729, of Elisabeth by 083 627 9105.

SACON (SOUTH AFRICAN CHINESE OUTREACH NETWORK)

Mosselbaai Moedergemeente bied in samewerking met ander gemeentes 'n werkswinkel by die NG Gemeente Hartenbos aan, vir almal wat meer sou wou leer hoe om met die Chinese te kommunikeer.

Datum: Vrydag 9 Februarie 18:30 tot 21:00 – Saterdag, 10 Februarie 08:30 tot 16:00 Saterdagaand 18:30 tot 21:00 vind daar 'n aandete met 'n uitreikaksie plaas.

Kostes: R150 per persoon vir die werkswinkel en R100 per persoon vir die aandete.
Kontakpersoon: Ena Loubser 082 736 5339 of eric.ena@vodamail.co.za

STROOIDAKKERK TUINE

Die Eiendomskommissie vra asseblief hulp met die **regruk en verfraaiing** van die Strooidakkerk se tuin. Enige persoon wat lus het om te help en hand by te sit kan op 'n Donderdagoggend tussen 9:00 en 12:00 by die Kerkie aanmeld. Vir meer inligting kontak vir Fanie Buys 082 906 5599.

PREDIKANTE INLIGTING

Ds. Gerhard van Dyk
Kontakbesonderhede: 044 696 6484 / 082375 2944.
E-pos: gerhardvandyk@telkomsa.net
Ds Gerhard sien om na die wyke in Klein-Brakrivier, Fraai-Uitsig en die Buitewyk.

Ds. Chris de Wet
Kontakbesonderhede: 044 696 5827 / 083 631 9383.
E-pos: chrisdwet1@telkomsa.net
Chris sien om na die wyke in Reebok en Tergniet.

Dr. Kobus van Zyl:
Kontakbesonderhede: 064 591 3676
gebedswag7@gmail.com
Opdrag en Taak: Missionale Gebedsbediening in Afrika

KERKKANTOOR INLIGTING

Kantoor-ure
Maandag (10:00 – 12:00), Woensdag en Vrydag (08:00 – 12:00)
Impalalaan 58, Reebok. Posbus 391, Klein-Brakrivier, 6503.
Skriba/Kassier: Martina van den Berg
Tel / Faks: 044 696 6685.
E-pos: ngreebok@telkomsa.net

Bankbesonderhede
ABSA, NG KERK REEBOK
REK. NR.: 404 908 7902
Indien u 'n dankofferbydrae d.m.v. debietorder of internetbankdienste gee, gee as verwysing u **van en wyksnommer**. (Bv. Meyer R4)

ORRELIS EN KOSTER
Orrelis: Hester Krige – 044 696 6594 /083 417 4002
Koster: Jurg Oosthuizen – 044 696 6176 / 082 788 9707

OPNAMES VAN PREKE

U kan CD-opnames van preke @ R10 bestel.Plaas bestellings deur die CD-koevert op die tafel in die voorportaal te voltooi en dit saam met u betaling in die posbussie te gooi.Die datum van die preek is baie belangrik.
Vir enige navrae, **kontak vir Frik Nel (044 696 5947)**

WEBWERF : www.ngkreebok.co.za

Gaan besoek ons gemeente se webwerf en volg die skakels om weekliks Vrydae die aankondigings elektronies te ontvang.
Vir navrae kontak vir Klaus Oellrich by klaus@omnivision.co.za

Kermis 2018

Ons jaarlikse Kermis vind vanjaar plaas op **Woensdag, 21 Maart** (Mense-regtedag), vanaf **11:00** die oggend. Maak seker dat jy dit nie misloop nie! Maar ons Kermis eindig nie die Woensdag nie:

- Op Vrydag, 23 Maart, om 13:00 word 'n **Gholfdag** ('n eerste vir ons gemeente!) by *Kingswood* aangebied as deel van ons kermisweek.
- Op Saterdag, 24 Maart, vanaf 10:00 is daar geleentheid om ons **vleistafel** in die kerksaal te ondersteun. Maak seker dat jy heerlike vars vleis teen billike pryse bekom!

Ons ouderlinge sal in die komende weke met bydraelyste deur ons wyke gaan. Ondersteun hulle asseblief! Ons begroot vanjaar om **R265 000** met ons Kermis te in, en ons sal dit net kan regkry as almal help! Onthou dat daar net een bydraelys vir die vroue en manne se bydraes is. Die gedagte is dan ook dat vroue en manne elkeen apart iets sal bydra vir ons kermis ☺.

Vanaf volgende Sondag sal daar houers in die voorportaal van die kerk wees vir:

- ***Tombola & Wit Olifant-items***: bring enige items wat jy nie meer by die huis wil hê nie en wat ons vir die tombola-tafel kan gebruik!
- ***Boeke:*** ons is weer op soek na boeke om ons boeketafel te laat kreun soos verlede jaar! Bring asseblief al die boeke wat jy nie meer wil lees of hê nie na die houer in die voorportaal.
- ***Naald- en handwerk-items***: Annemarie Grewar (044 696 6201). Ons benodig weer naaldwerk-items, bruikbare lappies, breiwerk en bruikbare afvalwol. Indien daar dames is wat ywerig is om te help om popklere *(first love en barbie*) te maak, kan u ook vir Annemarie skakel. Die naaldwerk-houer is in die voorportaal en daar is 'n klein houer aan die groot houer vir spesiale versoeke vir items. Plaas jou versoek daarin en die dames sal hul bes doen om daaraan te voldoen.
- ***Leë roomysbakke:*** ons poedingtafel benodig weer alle moontlike leë plastiek-roomysbakke. Plaas dit ook in die houer in die voorportaal.
- As jy kan help met die aankoop van 'n paar broodnodige **bestanddele** vir ons kermistafels, neem asb 'n inkopiesak met 'n inkoop-lysie op die tafel in die voorportaal en bring dit gedurende kantoorure in die week na die kerkkantoor, of Sondagoggend na die voorportaal. Lidmate is ook welkom om een inkopiesak te deel vir die inkopies ☺☺!

Met die Vleistafel wat op **Saterdag, 24 Maart vanaf 10:00** gaan plaasvind hoop die organiseerders van die vleistafel om, soos in die verlede, groot hoeveelheid wors en maalvleis beskikbaar te hé. 'n Oorbodige **lam, skaap of selfs 'n vleisvarkie** sal altyd welkom wees. Onthou ook dat u 'n kontantbydrae spesifiek vir die vleistafel kan maak. Die fondse word benut om ekstra vleis aan te koop. Skakel asseblief vir Johan Boshoff by 044 696 6175 as jy kan help. *Die 'vleisspan" word daaraan herinner dat daar tussen 20 en 23 Maart gewerk gaan word om die alle wors, maalvleis en vleissnitte voor te berei!! Dagboek asseblief hierdie datum.*

Ons is ook opgewonde daaroor om vanjaar vir die eerste keer 'n ***Manne Houtwerktafel*** by ons kermis te verwelkom. Maar ons soek al die ywerige houtwerkers in ons gemeente om te help met 'n item of vyf! Gee asseblief jou naam in by die kerkkantoor voor Saterdag, 10 Februarie. Kontak Pieter Erasmus by 083 790 5403 vir enige navrae.

As jy by enige van ons kermistafels kan help (of 'n blink plan het vir nog 'n nuwe tafel!), laat weet asseblief vir ds. Gerhard by 044 696 6484 of 082 375 2944.

Gebedsversoeke

Bid vir reën: in die opvangsgebiede van die Kaapse opgaardamme en droogtegeteisterde landboustreke.

Bid vir deeglike beplanning en bestuur rondom water.

Bid dat meer mense die geestelike pad sal leer verstaan wat die Here tans met ons loop.

Bid vir meer vrede en minder geweld in SA.

Bid vir oop oë en harte vir hulpbehoewendes om ons.

Bid vir leiers met leerbare harte en 'n oop gemoed vir die leiding van die Heilige Gees in uitdagende omstandighede.

2 Februarie 2018